# Professor Theo van Wijk
# (12 November 1916 – 15 Maart 2009)

Professor Theo van Wijk, die oud-rektor van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), is op 15 Maart 2009 in sy drie-en-negentigste lewensjaar oorlede. Mense wat met professor Van Wijk saamgewerk, of direk onder hom as rektor gewerk het, het groot lof gehad vir sy versiende leierskap, sy toeganklikheid en sy wye kennis aangaande ontwikkelings op die diverse terreine van die universiteit – die dosente, administrasie en die biblioteek. Dié kennis het Van Wijk in staat gestel om heersende ontwikkelings aan Unisa binne ŉ geheelbeeld te plaas en dienooreenkomstig leiding te gee. In vergaderings wat Van Wijk gelei het, het hy die feite van die voorgelegde saak altyd op die punte van sy vingers gehad.

Waar krisse ontlont moes word, of ŉ personeellid aangespreek moes word, het Van Wijk dit op die mees simpatieke wyse gedoen en dit nie later teen die betrokke persone gehou nie. Van Wijk se vriende is deur sy innemende beskeidenheid aangetrek en tuis was daar groot waardering vir sy rol in gesinsverband en sy warm menslikheid. Van Wijk se veelsydigheid was indrukwekkend.

Om hierdie vooruitskouing af te sluit: Theo van Wijk het tydens sy dienstermyn as rektor – 1972 tot 1989 – Unisa sien groei van ŉ universiteit met 29 000 studente wat reeds sy kinderskoene ontgroei en die moeilike stryd na buite gewen het, tot ŉ reuse-inrigting met oor die 80 000 studente wat danksy die uniekheid en hoë gehalte van die universiteit se afstandsonderrig internasionaal erken is. Van Wijk het tydens sy rekordtermyn van sewentien jaar as rektor ŉ belangrike bydrae hiertoe gemaak.

Wie was Theo van Wijk en hoedanig was sy vorming wat sy aanvaarding van die rektorskap voorafgegaan het? Theo van Wijk en sy tweelingsuster is op 12 November 1916 op Kuilsrivier gebore as die jongste van die agt kinders van ŉ leidende Kaaplandse predikantsgesin. Van vroeg af was dit duidelik dat Theo vir groter dinge bestem was. Na ŉ blink skoolloopbaan, het hy in 1934 die matrikulasie-eksamen as die topkandidaat in Kaapland geslaag. Van 1935 tot 1937 het die jong Van Wijk aan die Rhodes Universiteitkollege, Grahamstad, gestudeer en ŉ B.A.-graad met onderskeiding in sy hoofvakke, Geskiedenis en Duits, behaal.

Vanaf 1939 het Van Wijk pionierswerk verrig in die vestiging van die Staatsargief in Windhoek, maar hy het in 1941 na Rhodes teruggekeer om hom as onderwyser te bekwaam. Aan die einde van 1941, het hy sy Hoër Onderwysdiploma behaal. Volgens professor Dan M. Morton, een van sy dosente, was Van Wijk

> a most outstanding entrant to the teaching profession, both on grounds of natural qualifications and of academic accomplishments Mr van Wijk can fittingly be described as having a mind of quite unusual power and acuteness, and a character of unusual maturity and strength [52]

Van Wijk het hierna aan verskillende Bolandse hoërskole skoolgehou. Hy het in 1945-1946 ŉ tydelike lektoraat in geskiedenis aan Rhodes Universiteitskollege

52 B J Liebenberg (red ), *Professor Theo van Wijk* (Unisa, Pretoria, 1988), p 8

beklee, waar hy nog eens met sy briljantheid, grondigheid en innemende persoonlikheid beïndruk het. Rhodes kon op dié tydstip nie 'n permanente lektoraat aan Van Wijk bied nie en daarom het hy tot die spyt van sy senior kollegas, weer gaan skoolhou.

Theo van Wijk is in 1948 as lektor in 'n tweemansdepartement aan die destydse Eksterne Afdeling van Unisa bo sterk mededingers aangestel. Unisa het voorheen slegs as eksaminerende inrigting gefunksioneer en die Eksterne Afdeling was 'n nuwe ontwikkeling in universiteitswese in Suid-Afrika en op dié tydstip in die wêreld. Die Eksterne Afdeling moes as doseer-inrigting 'n stryd om erkenning veg, enersyds teen die destydse korrespondensiekolleges wat daarin tereg 'n bedreiging gesien het, andersyds teen die Nasionale Party, wat in 1948 onder doktor D.F. Malan aan die bewind gekom het en swaar aan die idee van 'n veelrassige universiteit gesluk het. Toe Van Wijk in 1948 by die Eksterne Afdeling aangesluit het, was dit 'n jaar oud en moes dit met 'n personeel van twee-en-twintig en met erg beperkende finansies die mas opkom.

Die kleine Geskiedenisdepartement moes die studiegidse vir al ses B.A.-vraestelle gelyktydig opstel en Van Wijk moes die studiegidse vir Europese geskiedenis opstel. Van Wijk het hierdie gidse mettertyd verfyn tot model-studiegidse en die onderrig van Europese geskiedenis op 'n vlak geplaas wat gunstig vergelyk het met dié van enige Suid-Afrikaanse universiteit. Sy studiegidse was nie net feitlik nie, maar het die student ook voorgestel aan vertolkings van belangrike geskiedskrywers met betrekking tot groot figure (soos Napoleon en Bismarck), historiese tydperke (byvoorbeeld die latere Middeleeue) of verskynsels (soos die herlewing van handel en stede).

Theo van Wijk het in sy geskiedbeskouing gepleit vir groter begrip vir die toekoms as singewende kategorie vir die geskiedenis. Om die gedagterykdom van Van Wijk hieroor en die problematiek daarvan in 'n kort bespreking krities te beskou, is nie so eenvoudig nie. Van Wijk het saam met die kritiese geskiedenisfilosowe van die twintigste eeu onderskei tussen die geskiedenis as verledewerklikheid en ons kennis van hierdie werklikheid uit neerslae daarvan in die hede, wat onder meer deur die geskiedskrywer bestudeer word. Die verledewerklikheid kan in sy volheid nie weer teruggeroep word nie. Slegs uit die neerslae daarvan in die hede – bouwerke, kunswerke, boeke, dokumente, herinneringe en so meer – word dit onthou, bestudeer en deur die geskiedskrywer gerekonstrueer. Van Wijk het veral op die geskrewe neerslae van die bronne gefokus.

Verder het Van Wijk homself afgevra wat 'n historiese feit is. Hy het dit spesifiek gestel dat 'n gebeurtenis wat toekomstige betekenis het, wat toekomsgerig of toekomsbepalend is, 'n historiese feit is. As 'n gebeurtenis geen invloed op die toekoms uitoefen nie, raak dit vergete en is dit nie 'n historiese feit nie. Die toekomsgerigtheid van menslike handelinge of dade dui volgens Van Wijk op 'n doelgerigtheid. Die mens handel om 'n bepaalde doel te bereik. Menslike handelinge verskil dus van oorsaaklik gedetermineerde natuurverskynsels deur die uniekheid en doelgerigtheid daarvan. In sy professorale intreerede, het Van Wijk dit pertinent gestel:

> Ons skryf oor die verlede, maar nie vir die verlede nie, in die hede, maar nie oor die hede nie, ons skryf in die hede oor die verlede en vir die toekoms

> Ons verantwoordelikheid teenoor die toekoms is sterker as enige verpligting teenoor die verlede Dit kan die verlede nie skeel hoe hy voorgestel word nie; dit kan vir die toekoms van lewensbelang wees hoe die verlede aan hom voorgestel word Daarom pleeg die apologetiese geskiedskrywing, die eensydige of vervalste beeld, sy grootste onreg nie aan die verlede wat hy in verkeerde lig stel nie, maar aan die toekoms wat hy in verkeerde rigtings stuur [53]

Wat vir Van Wijk ten opsigte van doelbewuste menslike handelinge belangrik was, was die gedagte agter die daad. Op voetspoor van Collingwood, het Van Wijk dit gestel dat om te weet waarom Brutus vir Caesar vermoor het, jy moet bepaal (verstaan) wat Brutus gedink het toe hy Caesar vermoor het. Dit beteken dat jy jou moet indink in wat Brutus gedink het, dat jy moet herbeleef wat Brutus ervaar het toe hy Caesar doodgesteek het. Hierdie beskouing appelleer op die negentiende eeuse Duitse filosoof en geesteshistorikus, Wilhelm Dilthey, se verstaansteorie wat "*Innenwerden*" en die "herontdekking van my in jou" veronderstel. Jy moet as't ware besluit: "Ek gaan nou Caesar vermoor", voordat jy werklik kan verstaan. Dit is voorwaar moeilik. Jy moet jou eie waardes opsy stoot en volgens Van Wijk die hele Romeinse milieu waarin Brutus vir Caesar vermoor het, herdink. Dit is dan die taak van die empiriese geskiedskrywer wat hom laat lei deur sy bronne. Die geskiedskrywer kan die verlede egter slegs vertolk en nooit tot die volheid van die verledewerklikheid deurdring nie.

Vir Van Wijk was daar grense vir ŉ empiries-objektiewe benadering tot die geskiedenis. In die eerste plek: "Sonder ŉ bepaalde standpunt, sonder ŉ bepaalde geestesgesteldheid, sonder ŉ bepaalde lewensbeskouing is die beoefening van die geskiedenis onmoontlik en die onderrig daarvan onvrugbaar."[54] Van Wijk het egter verder gegaan en gemeen dat dit die plig van die historikus is om die verlede ook te beoordeel in die lig van morele norme wat bo en buite dit staan. As gelowige Christen het Van Wijk die norme van die Christelike godsdiens en sedewet gekies.

Toe Van Wijk teen die middel-sestigerjare sy gedagtes oor die geskiedenis op papier gesit het, is die naskuddinge van die katastrofale Tweede Wêreldoorlog nog gevoel. Teen hierdie agtergrond het Van Wijk tot die gevolgtrekking gekom dat die Westerse mens ŉ positiewe toekomsbeeld verloor het en dat die vraag na die doel en sin van die geskiedenis weer op die voorgrond gestaan het. Die vakhistorikus kon volgens Van Wijk nie aan hierdie vrae meedoen nie, want dit het buite die empiriese bestaansgronde van die geskiedeniswetenskap geval. Besinning oor die toekoms in die sin van ŉ einddoel is die veld van die omstrede spekulatiewe geskiedenisfilosofie en Van Wijk het persoonlik geglo aan die Christelike geskiedbeskouing wat sentreer in die skepping deur God, die koms van Christus en Sy wederkoms aan die einde van die tyd. Die geskiedenis is hier ŉ liniêre beweging tussen die begin en die einde, en Van Wijk het tereg benadruk dat die idee van vooruitgang (*the idea of progress*), wat in die Weste in die agtiende en negentiende eeu vooropgestaan het, ŉ sekularisering van die Christelike liniêre geskiedbeskouing is. ŉ Mens vra jou af of die grense van empiriese geskiedeniswetenskap nie reeds oorskry word as die verlede beoordeel en geoordeel word in die lig van Christelike norme of welke sedelike norme ook al nie.

---

53 Theo van Wijk, *Tussen verlede en toekoms*, Intreerede gehou by die aanvaarding van ŉ professoraat in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, Unisa mededelings A 26, 1963, p 15

54 Van Wijk, *Tussen verlede en toekoms*, p 3

Die vraag na historiese oordele is inderdaad een van die mees omstrede vrae in die geskiedskrywing.[55]

Van Wijk se persoonlik belyde Christenskap het nie sy bestuur van Unisa met sy komplekse samestelling van dosente en studente – ʼn poli-universiteit of poliversiteit, soos hy dit soms genoem het – beïnvloed nie. Teenoor sy personeel en die studente, teenoor almal wat een of ander verbintenis met Unisa gehad het, het hy met die hoogste onpartydigheid opgetree. Van Wijk se toekomsgerigte geskied-beskouing het myns insiens wel sy optrede as rektor beïnvloed. Dat Unisa met weldeurdagte doelstellings uit sy verlede, deur sy hede, na die toekoms moes beweeg, het Van Wijk in verskillende kontekste herhaal. "Na die grondleggers / *Building on the past*" – dít was van Wijk se veelseggende opskrif vir sy toespraak by die aanvaarding van sy rektorskap.

ʼn Nuwe aanstelling beteken nie noodwendig ʼn nuwe bedeling nie, het Van Wijk benadruk. "Tog kom daar ʼn tyd wanneer die geskiedenis self ʼn bedeling afsluit, of wanneer dit deur die geskiedenis ingehaal word. Dit beteken geen rewolusionêre koerswending nie, maar ʼn aanpassing van die toepassing daarvan by nuwe eise. So word gewaak teen verstarring, want verstarde toepassing van beginsels kan selfs die beginsels in gedrang bring." Sy voorgangers – professor A.J.H. van der Walt en professor Samuel Pauw – het die stryd om die vestiging, erkenning en bekendstelling (die heroïese fase in die geskiedenis van Unisa) volvoer, só het Van Wijk in 1972 gemeen. Die universiteit het "die grootste" geword, sy standaarde is landswyd en selfs wêreldwyd erken, sy aansien is stewig gevestig. Juis dít het volgens Van Wijk die behoefte aan ʼn klemverskuiwing gebring, waarin die kritiese blik wat van buite gekom het, voorts na binne gerig moes word. Die nuwe bedeling wat Unisa binnegegaan het, het volgens Van Wijk heroorweging, herbesinning en kritiese selfondersoek geverg. Gehalte, doelmatigheid, doeltreffendheid en selfkritiek – dít moes vooropstaan! Van Wijk het sy eie rol in die klemverskuiwing as tweeledig beskou:

> Aan die een kant wil ek ʼn akademiese gewete wees wat voortdurend vra en bevraagteken
>
> Aan die ander kant is my rol ook ʼn positiewe, om oplossings te vind vir probleme wat bestaan of knelpunte wat ontstaan het [56]

Theo van Wijk se benoeming as rektor was – soos aan universiteite telkens gebeur met die aanwys van ʼn nuwe rektor – nie sonder omstredenheid nie. Ek dink dit was tydens sy intreerede wat Van Wijk gemeld het dat ʼn kollega aan hom gesê het dat hy voortaan alleen sou moes staan. "Maar as dit so gebeur, sal ek dit doen," het Van Wijk gesê, "want ʼn man wat nie alleen kan staan nie, kan eintlik nie staan nie." Van Wijk was bereid om alleen te staan wanneer volgens sy oorwoë oordeel en versiende blik die belange van Unisa – van sy dosente, administratiewe personeel, biblioteek en studente – in gedrang gekom het. Sy hele ingesteldheid en aanslag was teen outoritêre optrede en voorskriftelikheid. Van Wijk het sy rol as dié van ʼn

---

55 Van Wijk het sy beskouing in hierdie verband uiteengesit in ʼn referaat "Die toekoms as geskiedenis", wat hy in Oktober 1966 voor die *Vereniging ter bevordering van Christelike Wetenskap* gelewer het Dit is gepubliseer in *Die Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir bevordering van Christelike Wetenskap*, 10, Oktober 1967

56 Theo van Wijk, *Toesprake, 1972-1976* (Unisa, Pretoria, 1980), pp 3-4

spanleier vertolk, wat spanwerk aangemoedig het en daarna gestreef het om die personeel van Unisa – van die geringste tot die belangrikste – in die span in te sluit.

Dit was vir Van Wijk ŉ prioriteit – wat hy nie genoeg kon benadruk nie – dat die koers waarin Unisa beweeg, deur duidelike en grondig verantwoorde doelstellings bepaal moes word. Hieroor het Van Wijk blywend besin en sy span op grond van sy besinning gelei. Baie van Van Wijk se indringende en soliede toesprake het gewentel om die aard, wese en taak van ŉ universiteit, soos dit histories ontwikkel. Binne hierdie raamwerk het hy steeds besin oor Unisa as ŉ universiteit met ŉ unieke identiteit en unieke taak as ŉ inrigting vir afstandsonderrig wat steeds verder ontwikkel het en ontwikkel moes word. "As hierin leiding gegee word, sal dit in die sin van aanvoering wees, nie van bevelvoering nie ... As my ampstermyn deur niks anders gekenmerk sal wees nie, hoop ek dat dit sal gekenmerk wees deur ŉ groot en grootste spanpoging in belang van die saak wat ons almal dien," het Van Wijk met sy ampsaanvaarding as rektor gesê. Terselfdertyd het hy Unisa se personeel een en almal uitgenooi om wenke en gedagtes oor die universiteit aan hom deur te stuur.

Van Wijk het ook in sy intreerede sy siening van ŉ universiteit, met spesifieke betrekking op Unisa, vooropgestel. "ŉ Beleidsverklaring impliseer altyd ŉ geloofsbelydenis," het Van Wijk gesê. "Wat die Universiteit betref, glo ek dit staan in diens van die waarheid, die wetenskap en die opvoeding. Diens aan die waarheid is grondliggend, maar die waarheid kan ook op ander plekke en tye gedien word. Slegs aan ŉ universiteit gaan dit gepaard met die vermeerdering van kennis en die verbreiding van kennis."[57] Ek veronderstel dat Van Wijk met die "verbreiding van kennis", die onderrigfunksie van die universiteit in gedagte gehad het. Die navorsingsfunksie is nie uniek aan die universiteit as instelling nie en waar ook al navorsing gedoen word, word kennis uitgebrei. Om aan ŉ universiteit betrokke te wees, moes volgens Van Wijk nie as ŉ beroep beskou word nie, maar as ŉ roeping. Elke personeellid – van die geringste tot die belangrikste – is aangemoedig om die universiteit met trots na binne en na buite te dien. Van Wyk het graag na die episode verwys waar ŉ werker hom in ŉ hysbak gevra het: "Werk u ook by Unisa?" "En ek het trots geantwoord: 'Ja, ek werk ook by Unisa!'."

Samewerking van Unisa se dosente, die biblioteekpersoneel en sy amptenare ter wille van sy studente, met Van Wijk as die spanleier, was nie net die sleutel tot Van Wijk se eerste termyn as rektor nie, maar van sy rekord sewentien jaar as rektor. Van Wijk het van elke geleentheid gebruik gemaak om Unisa se studente en oud-studente in die span te betrek, want per slot van sake word ŉ universiteit gekenmerk deur die studente wat dit opgelei het. "Tot dusver is u aan die Universiteit gemeet, aan die eise en standaarde wat hy stel. Voortaan sal die Universiteit aan u gemeet word. Want ŉ universiteit word altyd aan sy gegradueerdes geken," het Van Wijk op ŉ keer tydens ŉ gradeplegtigheid gesê.[58] Om ŉ graad aan Unisa te behaal, was volgens Van Wijk ŉ dubbele prestasie omdat dit dikwels onder die allermoeilikste omstandighede gedoen is. Wat insiggewend van Unisa as ŉ universiteit van tweede geleenthede was, was dat reeds vyftig persent van sy studente teen 1972 aan ander universiteite gestudeer het.

57 Van Wijk, *Toesprake, 1972-1976*, p 4
58 Liebenberg (red ), *Professor Theo van Wijk*, p 28

Studentegerigtheid en diensgerigtheid teenoor Unisa se studente was steeds hoë prioriteite vir Van Wijk. Billike klagtes van personeellede en studente het by Van Wijk ŉ simpatieke oor gevind en dit het selfs gebeur dat hy klagtes van studente persoonlik ondersoek het. Op ŉ keer het Van Wijk gesê: "By die Universiteit van Suid-Afrika is die student primêr en sentraal. Die Universiteit ontleen sy bestaan aan die behoefte aan onderrig en opleiding van werkende, selfstandige en verwyderde studente en sy bestaansreg aan die doeltreffendheid waarmee hy hierdie onderrig verskaf."[59] Om die afstand tussen die student en die universiteit minstens op administratiewe vlak te verklein, is streekkantore in Kaapstad, Durban en Pietersburg gevestig, en gradeplegtighede gedesentraliseer.

Van Wijk het terdeë kennis geneem van die eise wat die staat en die gemeenskap, veral sedert die sestigerjare, aan ŉ universiteit gestel het. Van Wijk het juis die toenemende vraag na deeltydse onderrig en groeiende studentegetalle deels toegeskryf aan die eise wat aan ŉ universiteit gestel word. Die universiteit, so het Van Wijk in 1972 voor Unisa se DameskIub gesê, het soos beweer word die belangrikste instelling in die gemeenskap geword. Die rykdom, produktiwiteit en mag van die moderne staat hang direk af van klaskamers en laboratoriums. Elke sosiale aktiwiteit, of dit besigheid, politiek, strategie of diplomasie is, kan slegs deur akademies opgeleide mans en vrouens doeltreffend behartig word. Die universiteit het volgens Van Wijk self ŉ bedryf geword.[60]

Die eis om beroepsopleiding moes volgens Van Wijk egter nie indruis teen die aard en wese van ŉ universiteit sover dit diens aan die waarheid en die uitbreiding van kennis betref nie. Om hulle beroep te beoefen, het dosente akademiese vryheid nodig om volgens hulle beste insigte, maar met inagneming van standaarde van waarheid en objektiwiteit, te doseer en na te vors. Akademiese vryheid moes egter volgens Van Wijk met akademiese verantwoordelikheid gepaard gaan en nie die universiteit in gedrang bring nie.

Van Wijk se bestuur van Unisa was nie altyd bo kritiek verhewe nie. Hoewel hy van ŉ spanpoging gepraat het, kon hy meer gedelegeer het. Die werklading wat hy op hom geneem het, het beslissings vertraag. Ook het hy soms werksaamhede verlangsaam deurdat hy lank op ŉ beslissing gebroei het uit vrees dat hy verkeerd sou besluit. Sy pogings om verskillende partye met teenstrydige standpunte te akkommodeer, het nie altyd geslaag nie en sy gereserveerdheid het soms aan ongenaakbaarheid gegrens.

ŉ Mens kan nie oor Theo van Wijk skryf sonder om ook na sy eggenote, Cilna, te verwys nie. Cilna se vader, professor F. Labuschagne, was hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Potchefstroom. Cilna het reeds as student leierseienskappe geopenbaar. In 1952 is sy as junior lektrise aan Unisa aangestel en in 1952 het sy en Theo in die huwelik getree. Uit die huwelik is twee seuns en ŉ dogter gebore. In 1959 het Cilna haar M.A. in Sosiologie met lof behaal. Cilna was self voorsitter, president en in een geval erepresident van ŉ hele aantal buro's en verenigings. Sy het haar veral toegespits daarop om materieel en emosioneel hulpbehoewendes op te hef. Benewens haar vol program as gemeenskapsleier, het Cilna haar man met groot sjarme, waardigheid en bekwaamheid as rektorsvrou bygestaan.

59 Liebenberg (red ), *Professor Theo van Wijk*, p 30
60 Van Wijk, *Toesprake, 1972-1976*, p 23

Theo van Wijk as gesinsman, maar ook as vriend, word sigbaar in die woorde wat sy seun, doktor Frans van Wijk, op 19 Maart 2009 by sy begrafnis namens sy kinders oor hom gespreek het: "... nie 'n huldeblyk nie, maar eienskappe van 'n pa wat sy kinders beleef het." Volgens Frans kon Theo van Wijk:

Skryf sonder moeite
Stil wees sonder kwaad wees
Streng wees sonder raas
Slim wees sonder woorde

Hy kon
Wys wees sonder beterweterigheid
Waarneem sonder deelneem
Verskil sonder veroordeel
Verskil maak sonder probeer
Hy kon veral
Liefhê sonder demonstreer

Dit was Theo van Wijk se begeerte dat geen ophef van sy heengaan gemaak moes word nie. Die volgende gediggie bewys dit:

Gee my 'n stil verdwyn
Waar niks of niemand nog 'n aandeel het

Geen aanspraak
Of verlange
Of verwyt –
Net die wete dat die kronkelgang
Van die tyd sy afloop het

Laat hier geen woorde wees
Geen ydel traan of flou verdriet –
Net die berusting van gestolde drif
Of verlore liefde [61]

*Paul Zietsman*[62]

61 Theo van Wijk – 2009 Gevind in sy lessenaar na sy dood
62 Professor Paul Zietsman was aan Unisa se departement Geskiedenis verbonde